Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

LES 6: REIN EN ONREIN IN DIE HERNIEUDE VERBOND

Inleiding

1. Hoewel sommige Skrifverklaarders erkenning gee aan die feit dat die gemeente ('kerk') van Handelinge YHVH se voedselvoorskrifte gehandhaaf het, word die rede hiervoor toegeskryf aan kulturele praktyke wat mettertyd uitgesterf het soos die 'kerk' mettertyd oorwegend nie-Joods geword het. Hierdie aanname is gegrond op die beskouing dat YHVH se voedselvoorskrifte met die kruisiging van Yeshua opgehef is. Weens hierdie opvatting word talle Skrifgedeeltes verkeerd verklaar.

2. Alvorens nuwe testamentiese uitsprake aangaande voedsel ondersoek word, moet ons eers bepaal of daar in die hernieude (nuwe) verbond, soos in die ou verbond, onderskeid tussen die tipes onreinheid gemaak word. Die vraag is dus: Is die hernieude verbond 'n voortsetting van die ou verbond ten opsigte van rein en onrein of het daar nou, soos deur sommige geglo word, 'n verandering plaasgevind?

3. In die vorige les, Les 5, het ons geleer van die twee tipes onreinheid wat die Woord van God na verwys, naamlik:

   - Inherente (ge-erfde) onreinheid. Hierdie tipe onreinheid is permanent en is losstaande van enige ritueel of seremonie. Daarom kan geen handeling, ritueel of seremonie die status van onrein na rein verander nie. Die diere wat in Levitikus 11 en Deuteronomium 14 genoem word is almal permanent (inherent) onrein en is daarom nie geskik as voedsel vir die mens nie. Hierdie diere se onreine status is nooit opgehef nie! Dit hou geensins verband met die versoening van die mens met YHVH deur Yeshua as Messias nie.

   - Die ander tipe onreinheid is nie permanent nie, want dit kan verwyder word deur die gepaste handeling. Dit is 'n onreinheid wat deur 'n persoon of voorwerp wat voorheen rein was, verkry word.

Daar word ook hierna as seremoniële onreinheid verwys. Daarom kan dit weer verwyder word volgens 'n bepaalde handeling, seremonie of ritueel. Dit is 'n "tydelike" onreinheid, want die status van onrein kan na rein verander word. Hierdie tipe onreinheid hou verband met die versoening van die mens met YHVH deur Yeshua. Belydenis van sonde en bekering sal die status van onrein na rein verander.

4. In Rom. 14:14 word daar na onrein in voedselverband verwys. Hierdie teksvers word ondermeer gebruik as bewys dat YHVH se voedselvoorskrifte opgehef is en dus nie meer van toepassing op die gelowige in Yeshua Messias is nie. In die Afrikaanse (1953) vertaling lees dit soos volg:

Ek weet en is oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein.

5. Die vraag is dus of hierdie teksvers wel verklaar dat die voedselwette na Yeshua se kruisiging en opstanding opgehef is? Anders gestel: Het Yeshua ons vrygemaak van YHVH se voedselvoorskrifte. Alvorens ons hierdie vraag in die lig van Rom. 14:14 beantwoord, moet ons egter die betekenis van onrein in hierdie vers ondersoek.

6. In die lig van dit wat ons in Les 5 aangaande die twee tipes van onreinheid geleer het, is die vraag dus: Na watter tipe onreinheid word in Rom. 14:14 verwys? Word daar na permanente (inherente) of tydelike (verkrygde) onreinheid verwys?

ONREINHEID VOLGENS ROMEINE 14:14.

1. In die Griekse vertaling word twee verskillende woorde gebruik om die verskillende betekenisse van onrein te kommunikeer. Onrein kan verwys na die diere wat in Lev. 11 en Deut. 14 gelys word, naamlik dit wat inherent onrein is. Onrein kan egter ook verwys na dit wat seremonieël, naamlik tydelik, onrein is omrede dit die status van onrein verkry het weens bepaalde handeling.

2. In Rom. 14:14 gebruik Paulus die Griekse woord *koinos* wat die volgende beteken (Strong's G2839): *gemeenskaplik (common, algemeen), met ander woorde almal, of verskeie, het deel daaraan; seremonieël ontheilig; onheilig; besoedel; besmet; heidens*. Volgens Thayer's Greek definitions beteken dit ook *Levieties onrein*.

3. In die lig hiervan word hierdie teksvers ondermeer in The Scriptures (1989) soos volg vertaal:

I know and am persuaded in the Master יהושע that none at all is common of itself. But to him who regards whatever to be common, to him it is common.

4. Die woord *koinos* word ook in die volgende teksverse gebruik waar die verskillende betekenisse duidelik te sien is:

*En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles **gemeenskaplik** besit.*
Hand. 2:44.

*En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in **gemeenskap** gehad.*
Hand. 4:32

*.....aan Titus, my ware kind volgens die g**emeenskaplike** geloof: Genade, barmhartigheid, vrede van God die Vader en die Here Jesus Christus, ons Verlosser!*
Titus 1:3 en 4

*...hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, **onrein** geag en die Gees van genade gesmaad het?*
Heb 10:29

*Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons **gemeenskaplike** saligheid te skrywe*
Judas 1:3

5. *Koinos* en die werkwoord *koinoo* word ook in Mark. 7:1 tot 21 gebruik. In vers 2 lees ons:

*...en toe hulle sommige van sy dissipels met **onrein**, dit is met ongewaste, hande sien brood eet, het hulle dit afgekeur.*
Mark. 7:2

6. Volgens bogenoemde teksverse is die betekenis van *koino*s duidelik, naamlik: *Dit wat jy deel aan kan verkry of deel van kan word*. Byvoorbeeld *gemeenskaplike geloof* of *gemeenskaplike saligheid*. Ten opsigte van onreinheid is dit ook wat jy kan verkry of deel van word. Dit is dus nie ‘n inherente onreinheid nie. Mark. 7:2 bevestig dit naamlik as ‘n onreinheid wat verkry kan word deur voedsel met ongewaste hande te eet. *Koinos* verwys dus na ‘n tydelike (verkrygde of seremoniële onreinheid) en nie na inherente (permanente) onreinheid nie. Waar *koinos* gebruik word verwys dit altyd na ‘n onreinheid wat verkry is en wat deur bepaalde handeling (seremonie) van onrein na rein kan verander.

7. Hierdie is in teenstelling met die ander Griekse woord wat vir onreinheid gebruik word, naamlik: *akathartos*. Dit is die woord wat gebruik word om

ondermeer na die onrein diere van Levitikus 11 en Deuteronomium 14 te verwys. *Akathartos* word dus gebruik vir dit wat inherent onrein is en waarvan die mens homself moet weerhou. Daarom word *akathartos* altyd gebruik wanneer daar na 'n onrein gees verwys word (Matt. 12:43; Mark.1:23 en 26; Mark. 3:11 en 30; ensovoorts). 'n Onrein gees kan nooit rein word nie, want dit is inherent (permanent) onrein.

8. In Mark. 5:1 tot 13 het Yeshua 'n onrein gees uit 'n man gedryf en hierdie onrein geeste (Legio) toegelaat om in 'n trop varke te vaar. Sien jy die verband? Onrein geeste in onrein diere! Die inherente onreine geeste in die inherente onreine varke!! Yeshua sou nie toelaat dat die onrein geeste in rein diere (byvoorbeeld skape) in vaar nie, want dit sou die diere onrein maak en dit sou nie meer as voedsel geëet kon word nie.

9. Tydens die visioen wat Petrus van die laken gevul met al die viervoetige diere van die aarde gehad het, het hy ook onderskeid gemaak tussen die twee tipes van onreinheid (Hand. 10:9 tot 16). Nadat hy 'n stem hoor sê het om te slag en te eet het Petrus geantwoord:

   En Petrus sê: Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs (koinos) of onreins (akathartos) geëet nie.
   Hand. 10:14.

10. Petrus het dieselfde terminologie gebruik toe hy hierdie visioen aan die ander vertel het (Hand. 10:28; Hand 11:8)*. Hiervolgens is dit duidelik dat daar ook in die hernieude verbond onderskeid gemaak word tussen inherente (permanente) en verkrygde (tydelike) onreinheid. Dit is dus duidelik dat dit wat YHVH rein verklaar het, sal rein bly en dit wat onrein is, sal onrein bly.

11. In Yeshua ons Messias is daar 'n genadeweg van vergifnis vir die mens om van onrein tot rein te gaan.

    ***Nota:** Die betekenis van hierdie visioen van Petrus sal in Les 7 verder bespreek word.

GEVOLGTREKKING

1. Indien Rom. 14:14 in konteks met die res van die hoofstuk gelees word, moet die vraag gevra word of Paulus die kwessie van rein en onrein vleis aanspreek en of hy die twispunt tussen die wat vegetaries leef en die wat beide vleis en groente eet aanspreek. Let wel wat skryf hy in vers 2:
   Die een glo dat 'n mens alles mag eet, maar hy wat swak is, eet groente.

   One indeed believes to eat all food, but he who is weak eats only vegetables.
   (The Scriptures,1998)

2. Hiervolgens is dit duidelik dat Romeine hoofstuk 14 nie handel oor YHVH se voedselvoorskrifte nie, maar oor onderlinge twis tussen die wat vleis en groente eet en diegene wat slegs vegetaries leef. Paulus tugtig diegene wat hieroor twis en mekaar oordeel. Wanneer hy skryf dat *Hy wat eet, moet hom wat nie eet, nie verag nie; en hy wat nie eet, moet hom wat eet, nie oordeel* nie, verwys hy nie na rein en onrein diere nie. Nee, hy verwys nie na die wat alles eet en die wat niks eet nie, maar na die wat vleis en groente eet en die wat slegs groente eet.

3. Om te beweer dat Romeine 14, en spesifiek vers 14, oor YHVH se voedelvoorskrifte handel is om die Skrifte volgens persoonlike voorkeur te verklaar. Romeine 14 handel oor die liefde vir jou naaste en dit is hierdie liefdeloosheid van mekaar te oordeel oor dinge wat nie belangrik is nie, wat Paulus aanspreek. Laat elkeen self besluit of hy vleis en groente eet en of hy slegs groente eet. Paulus verseker hulle egter dat beide die vleis (wat volgens YHVH se voorskrifte rein is) en die groente op sigself nie onrein is nie.

4. YHVH se voedselvoorskrifte is nie opgehef nie, maar steeds van toepassing op die gelowige in Yeshua Messias. In die volgende lesse sal verdere Skrifgedeeltes in die verband uit die nuwe testament ondersoek word.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Ons moet voortdurend die Skrifte bestudeer om sodoende die onderrig en instruksies van Vader-God beter te verstaan. MAAR: Is dit beter om uit liefde vir die Vader en volgens jou huidige kennis en die besef dat jy nog nie alles verstaan nie op te tree as om sy onderrig en instruksies te ken, maar jy doen dit met ‘n onwillige hart?

2. Dit wat YHVH as inherent onrein rein verklaar het bly vir ewig onrein! Om onrein vleis te eet is daarom ‘n gruwel in die oë van YHVH en maak die persoon wat dit eet onrein. Is dit hoe jy in YHVH se teenwoordigheid wil staan?

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.